



It's all about love!

Three special days that celebrate love, fall on 14 February each year: International Book Giving Day, Library Lovers' Day and Valentine's Day. Here is information on each of these days, as well as some ideas for celebrating them!

Vier die liefde!

Elke jaar val drie spesiale dae wat die liefde vier op 14 Februarie: Internasionale Gee-'n-boek-dag, Biblioteekliefhebbersdag en Valentynsdag. Hier volg inligting oor elk van hierdie dae, en 'n paar idees oor hoe om dit te vier!

INTERNATIONAL BOOK GIVING DAY

Since it began in 2012, International Book Giving Day has continued to grow and grow. The focus of this day is on spreading a love of books and reading by encouraging people worldwide to give a book to a child on 14 February.

You could:

- ★ give a book to a child who is a family member
- ★ leave a book in the waiting room of a doctor or clinic for children to read
- ★ donate a book to your child's school or class.

And it doesn't have to cost a lot either. Book Dash (www.bookdash.org) and the African Storybook (www.africanstorybook.org) have children's books that you can download and print for free!



INTERNASIONALE GEE-'N-BOEK-DAG

Sedert dit in 2012 ontstaan het, het Internasionale Gee-'n-boek-dag van krag tot krag gegaan. Die fokus van hierdie dag is om 'n liefde vir boeke en lees te versprei deur mense wêreldwyd aan te moedig om op 14 Februarie 'n boek vir 'n kind te gee. Jy kan:

- ★ vir 'n kind wat 'n familielid is 'n boek gee
- ★ 'n boek in 'n dokter of kliniek se wagkamer los vir kinders om te lees
- ★ 'n boek aan jou kind se skool of klas skenk.

En dit hoef ook nie baie geld te kos nie. Book Dash (www.bookdash.org) en die African Storybook (www.africanstorybook.org) het kinderboeke wat jy gratis kan aflaai en kan uitdruk!

LIBRARY LOVERS' DAY

Library Lovers' Day started in Australia, but now it is celebrated all around the world. This day is an opportunity for library staff to show off their libraries, and for the rest of us to show our love for libraries.

If you work at a library, try these things.

- ★ Create a display using our special poster on page 2 and some books about love.
- ★ Leave bookmarks in different places in your library as a nice surprise for library-users to find and keep.
- ★ Invite an author to read to children at your library in the week of 14 February.

Here are some ideas for everyone else.

- ★ Donate a copy of your favourite children's book to the library.
- ★ Take your children to the library and read books about love.
- ★ Encourage your children to write a letter or draw a picture to thank a local or school librarian for the wonderful work he or she does in spreading a love of books.

BIBLIOTEKLIEFHEBBERSDAG

Biblioteekliefhebbersdag het in Australië ontstaan, maar word nou oor die hele wêreld gevier. Hierdie dag is 'n geleentheid vir biblioteekpersoneel om hul biblioteke ten toon te stel, en vir die res van ons om te wys hoe baie ons van biblioteke hou.

As jy in 'n biblioteek werk, probeer die volgende dinge.

- ★ Maak 'n uitstalling met ons spesiale plakkaat op bladsy 2 en 'n paar boeke oor liefde.
- ★ Sit boekmerke op verskillende plekke in jou biblioteek as 'n lekker verrassing vir biblioteekgebruikers om te vind en te hou.
- ★ Nooi 'n skrywer om in die week van 14 Februarie vir kinders by jou biblioteek te lees.

Hier is 'n paar idees vir enigiemand anders.

- ★ Skenk 'n eksemplaar van jou gunsteling-kinderboek aan die biblioteek.
- ★ Neem jou kinders biblioteek toe en lees boeke oor liefde.
- ★ Moedig jou kinders aan om 'n brief te skryf of 'n prent te teken om vir 'n plaaslike of skoolbibliotekaris dankie te sê vir die wonderlike werk wat hy of sy doen om 'n liefde vir boeke te versprei.

Valentine's Day

Most people know that Valentine's Day is a day where you show your love for others, but do you know the story behind this day?

The day gets its name from a priest called Valentine who lived in the Roman Empire a very long time ago. The emperor had banned marriage because he wanted a powerful army and he thought that married men were bad soldiers. Valentine felt this was unfair, so he broke the rules and arranged marriages in secret. When the emperor found out, Valentine was thrown in jail and sentenced to death. There, he fell in love with the jailer's daughter and when he was taken to be killed on 14 February, he sent her a love letter signed "from your Valentine".

Enjoy our special Valentine's Day poster (page 2) and activity (page 13)!



We will be taking a break until the week of 24/30 April 2020. Join us then for more Nalibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die week van 24/30 April 2020. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nalibali-leesplezier!

Valentynsdag

Die meeste mense weet dat Valentynsdag 'n dag is wanneer 'n mens jou liefde vir ander wys, maar ken jy die storie agter hierdie dag?

Die dag kry sy naam van 'n priester met die naam Valentyn, wat baie lank gelede in die Romeinse Ryk geleef het. Die keiser het mense verbied om te trou, want hy wou 'n magtige weermag hê, en hy het gedink getroude mans is nie goeie soldate nie. Valentyn het gevoel dis onregverdig, en daarom het hy die reëls verbreek en in die geheim huwelike gereël. Toe die keiser uitvind, is Valentyn in die tronk gegooi en ter dood veroordeel. Daar het hy verlief geraak op die tronkbewaarder se dogter, en net voordat hy op 14 Februarie tereggestel is, het hy vir haar 'n liefdesbrief gestuur, wat geteken was met die woorde, "van jou Valentyn".

Geniet ons spesiale Valentynsdag-plakkaat (bladsy 2) en -aktiwiteit (bladsy 13)!




Drive your imagination



**IT STARTS WITH A STORY.
DIT BEGIN MET 'N STORIE.**



Fall in love with books!



Raak verlief op boeke!




Reading club corner



Leesklubhoekie

During the school holidays children are able to relax and have a change of routine. So, school holidays are a good time to get children hooked on reading, or to keep them in the habit of reading for enjoyment! Running a holiday programme is an excellent way of doing this.

The Diaconia-Nal'ibali partnership in the Western Cape has been investing in holiday programmes for children in the Parow and Brackenfell areas. We found out some more about these programmes to share with you.



Why did you start these programmes?

We wanted to provide safe places for children to be during the school holidays while their parents are working. We also wanted to find a way to build bridges between the children in different communities in these areas because they don't usually have contact with each other. And of course, we wanted to let children experience the satisfaction of reading for enjoyment.

How old are the children?

The average age is 10 years old, but the programme is open to children aged 2 to 16 years.

Where are the programmes held?

In church halls and community halls.

What happens during a typical day?

Our holiday programmes run from Monday to Friday (9 a.m. to 1 p.m.) for one week. Stories are the focus of what we do. We spend time each day reading a Bible story and another story to the children and discussing these together. Then we do some story-related activities and some team-building activities in which the children have fun working together to solve a problem. Every day we also play a few games with the children and we always end with a picnic lunch!

Besides developing children's interest in reading, the Diaconia-Nal'ibali holiday programmes have seen other positive spin-offs. Friendships have formed amongst some children and the children have started socialising with each other. Story sharing really is a great way of connecting with others!

Tydens skoolvakansies kry kinders 'n kans om te ontspan en hul roetine te verander. Skoolvakansies is daarom 'n goeie tyd om kinders lus te maak om te lees, of om hulle in die gewoonte te hou om vir genot te lees! 'n Vakansieprogram is 'n wonderlike manier om dit te doen.

Die Diaconia-Nal'ibali-vennootskap in die Wes-Kaap het belê in vakansieprogramme vir kinders in die Parow- en Brackenfell-areas. Ons het meer oor hierdie programme uitgevind om met julle te deel.

Waarom het julle hierdie programme begin?

Ons wou tydens die skoolvakansies veilige plekke vir kinders bied terwyl hul ouers werk. Ons wou ook 'n manier vind om brûe te bou tussen die kinders in verskillende gemeenskappe in hierdie areas, want hulle kom nie gewoonlik in kontak met mekaar nie. En natuurlik wou ons hê kinders moet ervaar hoe bevredigend dit is om vir genot te lees.

Hoe oud is die kinders?

Die gemiddelde ouderdom is 10 jaar, maar die program is oop vir kinders van 2 tot 16 jaar.

Waar word die programme aangebied?

In kerksale en gemeenskapsale.

Wat gebeur op 'n tipiese dag?

Ons vakansieprogramme loop van Maandag tot Vrydag (9 vm. tot 1 nm.) vir een week. Stories is die fokus van wat ons doen. Ons lees elke dag 'n Bybelstorie en nog 'n storie vir die kinders en bespreek dit saam. Dan doen ons 'n paar storieverwante aktiwiteite en ook spanbou-aktiwiteite waarin kinders dit geniet om saam te werk om 'n probleem op te los. Ons speel ook elke dag 'n paar speletjies met die kinders en ons sluit altyd af met 'n piknik!

Behalwe om kinders se belangstelling in lees aan te wakker, het die Diaconia-Nal'ibali-vakansieprogramme ook ander positiewe voordele tot gevolg gehad. Sommige kinders het vriende begin bou en kinders het met mekaar begin sosialiseer. Om stories te deel is regtig 'n wonderlike manier om kontak te maak met ander!

Collect the Nal'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Nal'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

Versamel die Nal'ibali-karakters

Versamel al jou gunsteling Nal'ibali-karakters deur hulle uit te knip en dan te gebruik om jou eie prente, plakkate, stories, of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!



About Josh

Age: 12

Lives with: his father and his aunt

Speaks: English, Afrikaans and a little Sesotho

Enjoys: anything to do with computers and cellphones, as well as building and flying kites

Favourite books: teen stories on his cellphone, books about aeroplanes

He likes to read aloud to: Bella, Neo, Priya and Afrika

When he grows up, he wants to be: a pilot

Oor Josh

Ouderdom: 12

Woon saam met: sy pa en sy tante

Praat: Engels, Afrikaans en 'n bietjie Sesotho

Hou van: enigiets met rekenaars en selfone, en ook om vlieërs te bou en te vlieg

Gunstelingboeke: tienerverhale op sy selfoon, boeke oor vliegtuie

Hy lees graag hardop vir: Bella, Neo, Priya en Afrika

Wanneer hy groot is, wil hy die volgende wees: 'n vlieënier



Your story

During International School Library Month in October 2019, Diaconia, in partnership with IBBY SA and the South African Astronomical Observatory, ran an imbizo focusing on libraries. As part of this, children were asked to write about the importance of school libraries. Here is what Caleb Klaasen from Dalweide Primary School in Paarl wrote.


Our library

I love to read. My belief is that reading expands one's knowledge. At our school, we recently re-opened our library. It is filled with bright colours and dreams.

Each book that we are issued is either educational or adventurous. The books are so neatly packed that when you enter the library, you already know which book you are going to take. Informational books tell us about history. When I want to prepare for a history or geography task, I take out a book related to it. Story books are an adventure on its own. A library is really a magical place. When our library first opened, I was so excited. I have fallen in love with reading again and again.

When I feel down, I usually read a book, and after reading it, I feel far better. Opening the library at school was one of the best things the school has ever done.

Caleb Klaasen, 10 years old



Caleb Klaasen

Jou storie

Gedurende Internasionale Skoolbiblioteekmaand in Oktober 2019 het Diaconia, in vennootskap met IBBY SA en die Suid-Afrikaanse Astronomiese Sterrewag, 'n imbizo aangebied wat op biblioteke gefokus het. As deel hiervan is kinders gevra om oor die belangrikheid van skoolbiblioteke te skryf. Dit is wat Caleb Klaasen van Dalweide Primêre Skool in die Paarl geskryf het.

Ons biblioteek

Ek is mal oor lees. Ek glo lees verbreed 'n mens se kennis. Die biblioteek by ons skool is onlangs heropen. Dit is vol helder kleure en drome.

Elke boek wat ons uitneem, is opvoedkundig of 'n avontuurverhaal. Die boeke is so netjies gepak dat jy sommer dadelik weet watter boek jy gaan uitneem wanneer jy in die biblioteek instap. Feiteboeke vertel vir ons van geskiedenis. Wanneer ek vir 'n geskiedenis- of aardrykskundetaak voorberei, neem ek 'n boek daarvoor uit. Storieboeke is 'n avontuur op hul eie. 'n Biblioteek is regtig 'n towerplek. Toe ons biblioteek die eerste keer oopgemaak het, was ek so opgewonde. Ek het weer en weer verlief geraak op lees.

Wanneer ek teerneergedruk voel, lees ek gewoonlik 'n boek, en wanneer ek dit klaar gelees het, voel ek baie beter. Om die biblioteek te open, was een van die beste dinge wat die skool nog gedoen het.

Caleb Klaasen, 10 jaar oud

Send your pictures and stories to info@nalibali.org, or to The Nal'ibali Supplement, The Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700. Remember to make sure that we know that you want them published in the Nal'ibali Supplement and include your name and contact details.

Stuur jou prente en stories vir ons by info@nalibali.org, of aan The Nal'ibali Supplement, The Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700. Onthou om seker te maak ons weet jy wil dit in die Nal'ibali-bylae gepubliseer hê, en sluit jou naam en kontakbesonderhede in.

WIN! WEN!



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Why is there a hole in the wall?* (pages 5, 6, 11 and 12) or *Wiggle jiggle* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). (Your review could be published in a future Nal'ibali Supplement!) Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Hoekom is daar 'n gat in die rotsmuur?* (bladsye 5, 6, 11 en 12) of *Wikkel wiegel* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur 'n twiet aan ons by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). (Jou resensie mag dalk in 'n toekomstige Nal'ibali-bylae gepubliseer word!) Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.

book
dash




Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.




Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination

“Hoekom is daar ’n gat in die rotsmuur?” vra Lungisa vir sy ouma.



“Why is there a hole in the wall?” Lungisa asked his granny. “So that our ancestors will have a gateway to us,” she replied. “Interesting,” said Lungisa.

“Sodat ons voorouers daardêr by ons kan uitkom,” antwoord sy.

“Interessant,” sê Lungisa.

“Because waves crashed against the rock for millions of years, and made a hole in the sandstone,” she said. “Interesting,” said Lungisa.


“Golwe slaan al miljoene jare teen die rots en het ’n gat in die sandsteen uitgekalkwe,” sê sy.

“Interessant,” sê Lungisa.



Why is there a hole in the wall?

Hoekom is daar ’n gat in die rotsmuur?



Amy Slatem
Kirsty Paxton
Danielle Botha



Lots more free books at bookdash.org



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination



"Why is there a hole in the wall?" Lungisa asked his auntie.

"It is a window to God," she said.

"Interesting," said Lungisa.

"Hoekom is daar 'n gat in die rotsmuur?" vra Lungisa vir sy tante.

"Dis 'n venster na God toe," sê sy.

"Interessant," sê Lungisa.





POEFIES!!! My towerpoefies laat
 plante mooi GROOT groei.



POO!!! My magic poo makes plants
 grow BIG.



Wiggle jiggle
 Wikkel wiegel

Megan Vermaak
 Mathapelo Mabaso
 Chenél Ferreira

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
 imagination

Kyk hoe wikkel en woel ek. Wikkkel, wiegel, wriemel!



Watch me wiggle and dance. Wiggle, jiggle, wriggle!



Wikkkel, wiegel, wriemel! Ek is 'n woelige wurm.

Dis wonderlik om die plante te sien groei. Geel, rooi, blou en groen.



I love to see the plants grow. Yellow, red, blue and green.






Wikkel, wiegel,
wriemel! Ek is
'n woelige wurm.

Wiggle, jiggle, wriggle!
I am a wiggly worm.



I love the rain. Pitter-patter on
the leaves.
Ek is mal oor die reën. Plons-plas op
die blare.



Flitter, flutter,
flitter! I am a butterfly!

Fladder, flap,
fladder! Ek is 'n
skoenlapper!



Flowers and leaves are my favourite food.
Yummy in my tummy!

Blomme en blare is my gunstelingkos.
Propvol in my pensie!



Wiggle when you see me in the garden.
Wiggle, jiggle, wriggle!
Wikk! wanneer jy my in die tuin sien.
Wikk! wiegel, wriemel!



Where am I now? I'm here in my cocoon.

Waar is ek nou? Ek is hier in my kokon.




Oh wait! I'm **not** a wiggly worm anymore!

Haai, wag! Ek is **nie** meer 'n woelige wurm nie!



Wikk! wiegel, wriemel! Ek is 'n woelige wurm.



Wiggle, **jiggle**, wriggle! I am a wiggly worm.





“Why is there a hole in the wall?” Lungisa asked
his friend.
“Because a ship crashed into the wall,” he replied.
“Interesting,” said Lungisa.
“Hoekom is daar ’n gat in die rotsmuur?” vra
Lungisa vir sy maat.
“’n Skip het in die rotsmuur ingeploeg,”
antwoord hy.
“Interessant,” sê Lungisa.



Lungisa woon in ’n dorpie met die naam
esiKhaleni of Plek van Geraas. Sommige mense
noem dit Hole-in-the-Wall.

But he kept on asking.





“Interesting,” sê Lungisa.


“Interesting,” said Lungisa.

“Why is there a hole in the wall?” Lungisa asked his mother.

“Because one of the sea-people used a giant fish head to break through the wall so that he could get to the woman he loved,” she replied.

“Hoekom is daar ’n gat in die rotsmuur?” vra Lungisa vir sy ma.

“Een van die see-mense het ’n reuse viskop gebruik om deur die rotsmuur te breek sodat hy by sy geliefde kon uitkom,” antwoord sy.



“Why is there a hole in the wall?” Lungisa asked his little sister.

“So that my brother will keep on asking questions,” she said.

And Lungisa laughed.

“Hoekom is daar ’n gat in die rotsmuur?” vra Lungisa vir sy kleinsus.

“Sodat my ouboet kan aanhou vrae vra,” sê sy.

Lungisa lag lekker.

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Why is there a hole in the wall?* (pages 5, 6, 11 and 12), *Wiggle jiggle* (pages 7 to 10) and *How to be a superhero* (page 14). There's also a special Valentine's Day activity for you to try.

Why is there a hole in the wall?


- ★ Why do you think Lungisa keeps asking the same question?
- ★ Do you have questions that you would like to find answers to? Write a list of these questions and then ask around to find answers to one or two of them. Or you could look for answers in books or on the internet. Is there more than one possible answer to your questions?



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Hoekom is daar 'n gat in die rotsmuur?* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Wikkel wiegel* (bladsye 7 tot 10) en *Hoe om 'n superheld te wees* (bladsy 15). Daar is ook 'n spesiale Valentynsdag-aktiwiteit vir julle om te probeer.

Hoekom is daar 'n gat in die rotsmuur?



- ★ Hoekom dink jy hou Lungisa aan om dieselfde vraag te vra?
- ★ Het jy vrae waarop jy graag antwoorde wil hê? Maak 'n lys van hierdie vrae en vra dan rond om antwoorde vir een of twee van jou vrae te kry. Of jy kan in boeke of op die internet na antwoorde soek. Is daar meer as een moontlike antwoord op jou vrae?

Wiggle jiggle

Follow the steps to make your own wiggly worm.

1. Cut a sheet of A4 paper in half lengthwise.
2. Glue or tape the ends of the two strips so that you have one long strip.
3. Fold one end over to make a triangle. Then fold it the other way to make another triangle. Keep folding triangles like this until the whole strip of paper is folded.
4. Open the folded triangles out into a long strip again to make a worm.
5. Draw a face and decorate your worm.



Wikkel wiegel

Volg die stappe om jou eie woelige wurm te maak.

1. Knip 'n vel A4-papier in die lengte middeldeur.
2. Plak die punte van die twee stroke met gom of kleefband aan mekaar vas sodat jy een lang strook het.
3. Vou een punt oor om 'n driehoek te vorm. Vou dit dan na die ander kant toe om nog 'n driehoek te vorm. Hou aan om driehoeke soos hierdie te vou totdat die hele strook papier gevou is.
4. Maak die gevoude driehoeke weer in 'n lang strook oop om 'n wurm te maak.
5. Teken vir jou wurm 'n gesig en versier dit.

How to be a superhero

Write a letter to Timo suggesting some of your favourite storybooks that he might enjoy reading. Remember to explain what you like about these stories.



Hoe om 'n superheld te wees

Skrif 'n brief aan Timo en maak voorstelle oor van jou gunsteling-storieboeke wat hy dalk ook sal geniet om te lees. Onthou om te sê hoekom jy van hierdie stories hou.

Make a mobile

Follow the steps to make a Valentine's Day mobile that shows your love of stories!

1. Use thin cardboard, or glue two sheets of blank paper together.
2. Draw or trace a heart shape on one side.
3. Cut out the heart and make two holes at the top.
4. Using as many languages as you can, write: *I love stories* on one side of your heart. Colour the background red.
5. On the other side of your heart, draw a picture of something that reminds you of stories.
6. Thread some wool or string through the holes and hang up your mobile.



Maak 'n bewertjie

Volg die stappe om 'n Valentynsdag-bewertjie te maak wat jou liefde vir stories wys!

1. Gebruik dun karton, of plak twee velle skoon papier aan mekaar vas.
2. Teken 'n hartvorm aan een kant, of trek 'n hartvorm na.
3. Knip die hart uit en maak twee gaatjies aan die bokant.
4. Skryf in soveel tale as wat jy kan aan een kant van die hart: *Ek is lief vir stories*. Kleur die agtergrond rooi in.
5. Teken aan die ander kant van jou hart 'n prent van iets wat jou aan stories herinner.
6. Ryg wol of tou deur die gaatjies en hang jou bewertjie op.



Drive your imagination



How to be a superhero

By Bubele Retshe ■ Illustrated by Jiggs Snaddon-Wood



Timo lived in a small village surrounded by mountains, green fields and beautiful forests, but his favourite place was the park. He loved it there because he felt like a superhero when he ran around, climbed on the jungle gym and spun on the merry-go-round.

Every day when Timo came home from school, he would get changed out of his school uniform and eat the delicious sandwich that his grandmother had made for him. Then he would do his homework and, when it was done, he would rush outside shouting, "Granny, Granny, it's playtime!"

And Granny would call after him, "Timo, wait! Don't you want me to read you a story?"

"No, Granny, I need to play and explore," Timo would reply, already on his way to meet his friends who were waiting for him at the gate.



"There are many places that you can explore in storybooks, Timo," Granny would say. "Books can teach you lots of things and take you to places that you have never been."

Timo would giggle and say, "Granny, books can't take me anywhere. Only cars can do that!" Then he would run off down the road to the park with his friends.

One afternoon, Timo's best friend, Ben, was waiting for him at the gate.

"Hey, Timo, are you ready to play?" asked Ben.

"I'm always ready," said Timo racing down the street with his best friend. They both wanted to get to the park first.

When they got there, Timo's other friends were waiting for them. Pamela was sitting on the swing crying, while Noma and Siya were standing next to her. They looked worried.

Timo moved closer to find out what was going on. "What happened to Pamela?" he asked.

"She was on the swing and Siya accidentally pushed it too hard. Pamela fell off the swing and now her knee is bleeding," explained Noma.

"Oh no! What are we going to do?" asked Ben.

"It's okay, I know what to do," said Noma reaching for her backpack and taking out a small bag.

"What is that?" Timo asked.

"It's a first aid kit. I will clean Pamela's knee and then put on this plaster so that it feels better," said Noma.

The friends were surprised that Noma knew exactly what to do. Once the plaster was on, Pamela said she felt much better and she wanted to play again. All the friends felt happy and relieved and they thanked Noma.

All the friends raced over to the jungle gym – except Timo. He was wondering how Noma had known what to do. He wanted to know where you could learn these kinds of things because superheroes are supposed to know how to help people!

Timo walked over to where Noma was climbing and asked, "Noma, how did you know what to do?"

Noma smiled and said, "I read it in a storybook."

"You learnt all of that from reading a storybook?" asked Timo. He wasn't sure he could believe what Noma had said.

"Yes, Timo. I want to be a doctor when I grow up so that I can help people. When I read storybooks, I learn about how doctors help people," said Noma.

Timo was amazed! "I want to be a superhero and help people too. Do you think storybooks could help me do that?" he asked.

"Yes, of course!" said Noma. "Storybooks can teach you lots of things. Just get them from the library and start reading."

The next day, when he got home from school, Timo changed out of his school uniform and ate the delicious sandwich that his grandmother had made for him. Then he did his homework.

He had just finished when Granny called him. "Timo, your friends are here. They are waiting for you to go to the park with them."

"Please tell them I will join them later, Granny," answered Timo.

Granny could not believe her ears! Timo was always in a hurry to go to the park. "Why aren't you going right now?" she asked.

"I'd like you to read me a story before I go, please," said Timo.

Granny smiled happily. "That's new! Why do you want me to read you a story today?" she asked.

"Because Noma says stories can teach me how to be a superhero and help my friends," Timo said as he jumped up and down excitedly.

"That's my boy!" said Granny as she picked up a storybook.

So, Granny and Timo sat down together and read that storybook – and another, and another. And every afternoon after that, before Timo went to play in the park, he asked Granny to read to him.



Drive your
imagination



Hoe om 'n superheld te wees

Deur Bubele Retshe ■ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood



Timo woon in 'n klein dorpie tussen berge, groen velde en pragtige woude, maar sy gunstelingplek is die park. Hy hou van die park, want hy voel soos 'n superheld wanneer hy rondhardloop, op die klimraam klim en op die rondomtalie draai.

Elke dag wanneer Timo na skool by die huis kom, trek hy sy skoolklere uit en eet die heerlike toebroodjie wat sy ouma vir hom maak. Dan doen hy sy huiswerk en, wanneer dit klaar is, hardloop hy buitentoe en roep: "Ouma, Ouma, dis speelyd!"

En Ouma roep agterna: "Timo, wag! Wil jy nie hê ek moet vir jou 'n storie lees nie?"

"Nee, Ouma, ek wil gaan speel en verken," antwoord Timo, al klaar op pad na sy maats wat by die hek vir hom wag.



"Daar is baie plekke wat jy in storieboeke kan verken, Timo," sê Ouma altyd. "Boeke kan vir jou baie dinge leer en jou na plekke toe vat waar jy nog nooit was nie."

Timo giggel net en sê: "Ouma, boeke kan my nêrens heen vat nie. Net karre kan dit doen!" En dan hardloop hy in die straat af na die park toe om met sy maats te gaan speel.

Een middag wag Timo se beste maat, Ben, vir hom by die hek.

"Hei, Timo, is jy reg om te gaan speel?" vra Ben.

"Ek's altyd reg," sê Timo en jaag resies teen sy beste maat in die straat af. Hulle wil albei eerste by die park wees.

Toe hulle daar kom, wag Timo se ander maats vir hulle. Pamela sit op die swaai en huil, terwyl Noma en Siya langs haar staan. Hulle lyk bekommerd.

Timo staan nader om uit te vind wat aangaan. "Wat het met Pamela gebeur?" vra hy.

"Sy was op die swaai en Siya het dit per ongeluk te hard gestoot. Pamela het van die swaai af geval en nou bloei haar knie," verduidelik Noma.

"Ag, nee! Wat gaan ons doen?" vra Ben.

"Als reg, ek weet wat om te doen," sê Noma terwyl sy haar rugsak nader trek en 'n klein sakkie uithaal.

"Wat's dit?" vra Timo.

"Dis 'n noodhulpsakkie. Ek gaan eers Pamela se knie skoonmaak en dan hierdie pleister opplak sodat dit beter voel," sê Noma.

Die maats is verbaas dat Noma presies weet wat om te doen. Toe die pleister opgeplak is, sê Pamela dat sy baie beter voel en weer wil speel. Al die maats is gelukkig en verlig en hulle sê vir Noma dankie.

Almal hardloop na die klimraam toe – behalwe Timo. Hy wonder hoe Noma geweet het wat om te doen. Hy wil weet waar 'n mens hierdie soort dinge kan leer, want superhelde is veronderstel om te weet hoe om mense te help!

Timo stap na waar Noma besig is om te klim en vra: "Noma, hoe het jy geweet wat om te doen?"

Noma glimlag en sê: "Ek het dit in 'n storieboek gelees."

"Jy het al daardie goed uit 'n storieboek geleer?" vra Timo. Hy is nie seker hy kan glo wat Noma hom vertel nie.

"Ja, Timo. Ek wil 'n dokter wees wanneer ek groot is sodat ek mense kan help. Wanneer ek storieboeke lees, leer ek hoe dokters mense help," sê Noma.

Timo is verstom! "Ek wil 'n superheld wees en ook mense help. Dink jy storieboeke kan my leer hoe om dit te doen?" vra hy.

"Ja, natuurlik!" sê Noma. "Storieboeke kan 'n mens baie dinge leer. Neem net boeke by die biblioteek uit en begin lees."

Die volgende dag toe hy na skool by die huis kom, trek Timo sy skoolklere uit en eet die heerlike toebroodjie wat sy ouma vir hom gemaak het. Toe doen hy sy huiswerk.

Hy is net klaar toe Ouma hom roep. "Timo, jou maats is hier. Hulle wag vir jou om saam met hulle park toe te gaan."

"Sê asseblief vir hulle ek sal later kom, Ouma," antwoord Timo.

Ouma kan nie haar ore glo nie! Timo is altyd haastig om park toe te gaan. "Waarom gaan jy nie nou dadelik nie?" vra sy.

"Ek wil graag hê Ouma moet vir my 'n storie lees voor ek gaan, asseblief," sê Timo.

Ouma glimlag bly. "Dis nuut! Hoekom wil jy vandag hê ek moet vir jou 'n storie lees?" vra sy.

"Want Noma sê stories kan my leer hoe om 'n superheld te wees en my maats te help," sê Timo terwyl hy opgewonde op en af spring.

"Dis mos my kind!" sê Ouma terwyl sy 'n storieboek optel.

Ouma en Timo gaan sit toe saam en lees daardie storieboek – en nog een, en nog een. En elke middag daarna, voordat Timo in die park gaan speel, vra hy vir Ouma om vir hom te lees.



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



1.

Unscramble the letters in the word bubbles to make words to do with love. Start each word with the letter in bold.

enrifsd

guh

pelh

stutr

enidsksn

nairgc

lamfiy

phanepsis

erhas

imlse



Skommel die letters in die woordborrels om woorde te maak wat met liefde te doen het. Begin elke woord met die letter wat vetgedruk is.

amats

kdrkuie

pelh

treovure

rienvdekil

egemo

amfilie

kguel

ldee

igmllga


2.

Complete the sentence and then write a few more of your own. Draw a picture in the heart to go with what you have written.

To me, love is _____

Voltooi die sin en skryf dan nog 'n paar van jou eie. Teken 'n prent in die hart om te pas by dit wat jy geskryf het.

Vir my, is liefde _____



We will be taking a break until the week of 24/30 April 2020. Join us then for more Nal'ibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die week van 24/30 April 2020. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier!



Antwoorde: maats, drukke, help, vertrou, vriendelik, omgee, familie, geluk, deel, glimlag
family, hoppiness, share, smile
Answers: friends, hug, help, trust, kindness, caring



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:



www.nalibali.org



www.nalibali.mobi



nalibaliSA



@nalibaliSA



@nalibaliSA



info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Arena Holdings Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

DailyDispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your imagination

